


## PPC – VOORGESTELDE PROGRAM OM SEKONDÊRE MATERIALE TE VERWERK

Pretoria Portland Cement Company Beperk stel hiermee 'n program voor om sekondêre materiaal te help verwerk by ses van die PPC-sementvervaardigingsaanlegte. PPC ondersoek tans verskeie alternatiewe metodes om sekere soorte nywerheidsafval (ook bekend as sekondêre materiaal) veilig te verwerk: byvoorbeeld om steenkool en ander roustowwe deels te vervang ten einde natuurlike hulpbronne te bespaar en om beter energie verbruik te verseker. Die ses sementvervaardigingsaanlegte word aangedui op die onderstaande kaart.



PPC sement gebruik huidiglik steenkool as die hoofenergiebron wat benodig word vir die vervaardiging van sement. Sementvervaardiging is 'n energie-intensiewe proses en groot hoeveelhede steenkool word dus gebruik. PPC ondersoek die gebruik van sekondêre materiale om die verbruik van steenkool te verminder. Verskeie nywerheidsafval produkte in Suid-Afrika het 'n hoë energie waarde wat dit geskik maak om steenkool te vervang. PPC oorweeg die volgende nywerheidsafval produkte:

- Gebruikte/waardelose voertuig bande en ander rubber afval
- Ontwaterde, hitte behandelde riool afval
- Koolwaterstof bevattende afval (olie, olie besmette steenkoolstof, grond en ander afval)
- Plastiekafval
- Biomassa (soos papierafval, houtsaagstof, en afval van biobrandstof produksie)



Die verwagte impakte van die voorstel sluit in:

**Voordele:**

- Die bewaring van 'n onvervangbare bron (steenkool);
- Die herwinning van energie vanaf nywerheidsafval;
- Verbeterde omgewings bewaring deur die effektiewe verbranding van groot hoeveelhede, andersins onbenutbare, afval;
- Afval minimalisering deur verbranding;
- Vermindering van Kweekhuisgas vrylating in die atmosfeer;
- Verminderde risiko van grond en grondwater besoedeling deur die verbranding van afval waar dit andersins by 'n stortingssterrien sou begrawe word; en

**Nadele:**

- Afval hantering deur werkers tydens die vervoer daarvan mag moontlike gesondheids risiko's inhou;
- Die stoor van die afval by die aanleg mag tot grond en grondwater besoedeling lei indien dit nie korrek gestoor word nie;
- Emissies wat veroorsaak kan word deur die verbranding van sekondêre materiale kan moontlik gesondheids risiko's vir die publiek inhou;
- Die moontlikheid van loging van swaar metale uit die vervaardigde sement word tans ondersoek; en
- Die verwerking van sekondêre materiaal mag moontlike verhoogte vervaardigingsproses risiko's vir PPC inhou.

**Hoe kan jy betrokke raak by hierdie proses?**

EBS is deur PPC aangestel om die impakte van die voorgestelde proses te ondersoek. As deel van hierdie ondersoek word die publiek genader om te verseker dat hulle regte en behoeftes inaggeneem word, asook om die belange van die publiek te beskerm, voordat 'n besluit geneem kan word oor hierdie saak. Die publiek het die reg en die verantwoordelikheid om deel te neem aan hierdie proses en word uitgenooi om deel te neem.

**PUBLIEKE DEELNAME PROSES -  
SEKONDÊRE MATERIAAL  
VERWERKINGS PROGRAM**



**Barloworld** *Leading brands*

**OMGEWINGSKONSULTANT:  
ENVIRONMENTAL BUSINESS  
STRATEGIES (PTY) LTD**

